Tema: Net Jesus kan jou Hom laat sien vir Wie Hy werklik is!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Nuwe Sb. 1 - 10: 1,2,3
nuwe Sb. 14 - 6: 1

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 43 - 1: 3,4
Votum uit Ps 95: 6-7
Seën
Loflied Ps 97 - 2: 1,2,5.
Geloofsbelydenis: 12 Artikels almal hardop saam.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: 1 Joh 1: 5 - 2: 11
Sing Ps 119 - 1: 39, 42
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Markus 8: 14 - 9: 1
Teksverse: Markus 8: 17 - 19 en 24 - 25 en 29.
Sing Ps 119 - 2: 11, 26 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing: Sb 15 - 8: 1,2,3 (Mel van Sb 15 - 7)
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde br en sr

Sien jy Jesus Christus vir Wie Hy werklik is? (wys skyfie 1)
Is jy seker? Is jy seker jy sien Hom helder en duidelik soos Hy Hom in die Bybel aan ons openbaar? Is daar nie dalk ŉ blinde kol in jou kyk na Jesus nie? Staan Hy nie dalk op die rand van jou visie op die lewe en nie meer in die sentrum nie? Miskien het jou kyk na Hom heeltemal uit fokus geraak en is Hy maar – sonder dat jy dit besef – ŉ dowwe figuur in jou lewe wat jy nie meer mooi helder raaksien nie? Dalk het jy jou visie op Jesus heeltemal verloor.....Dat jy Hom nie meer raaksien nie....

Hoekom is hierdie vrae belangrik? (haal skyfie af)
Want geliefdes, wie die "verkeerde Jesus" raaksien, leef sonder hoop, vrede en vreugde! Die mens wat ŉ dowwe visie op Jesus het, kan Hom nie volg en dien soos Hy wil ons Hom moet dien en volg nie. Wie blind raak vir Jesus loop die gevaar om Jesus heeltemal mis te loop in hierdie lewe! Dat jy nooit binne hierdie stukkende wêreld die genade van God in Jesus regtig kan beleef nie! Nie in hierdie lewe nie, maar ook nie in die ewige lewe nie! Wanneer jy Jesus nie ten volle raaksien nie, kan jy ook nie op die regte wyse na jouself of na jou wêreld kyk nie!

Dis waarom Markus hierdie besondere genesing van ŉ blinde man in Betsaida vir ons vertel. Die baie spesifieke manier waarop Markus die gebeure van Jesus se reis met sy dissipels vir ons hier vertel, wil ons juis bring om hierdie vraag wat Jesus vir die blinde man vra, ook vir ons self te vra: Sien jy al iets? En dan die verstommende antwoord: Ek sien mense, iets soos bome, Ek sien hulle loop!

Die man kon na Jesus se eerste genesing nie mooi sien nie! Wat het hier gebeur?
Het Jesus ŉ halwe wonderwerk gedoen? Was dit 'n mislukte genesing? Hoekom kom die blinde man van Betsaida nie behoorlik sien nadat Jesus sy oë genees het nie? Hoekom was 'n tweede genesing nodig?

Dis was nodig sodat Jesus sy dissipels en ons leer dat ons seker moet maak dat ons Jesus sien vir Wie Hy werklik is. Ons kan blind word vir die ware Jesus – dit is wat ons vanmore gaan leer en daarom moet ons vanmore ook vra: "Here, genees ons oë sodat ons U kan sien!

Want, br en sr, die goeie nuus vanmore is: dit is alleen Jesus wat jou Hom kan laat sien vir Wie Hy regtig is!

Jesus alleen kan ons geestelike blindheid genees en ons visie op Hom herstel! Dat ons Hom werklik kan sien soos Hy Hom aan ons openbaar en dat ons die volle genade en redding van God kan beleef! Dat ons Hom in hierdie stukkende lewe kan volg tot in die ewige lewe.

Ons kyk na drie aspekte. (Wys skyfie 2)
1. Waarom raak ons blind vir Jesus?
2. Alleen Jesus kan ons geestelike blindheid genees.
3. Wat gebeur as jy die “regte” Jesus sien en volg?

1. Waarom raak ons blind vir Jesus?

Dit gebeur as gevolg van die sonde wat die mens in die wêreld gebring het. Die oomblik toe Adam en Eva na die Duiwel luister en teen God in opstand kom, het hulle visie op God versteur geraak! Kon hulle God nie meer sien soos Hy werklik is nie! En vandaar poog Satan al hoe meer om ons meer en meer blind vir God te maak sodat hy ons lewens kan regeer.

God die Vader stuur dan juis vir Jesus na hierdie wêreld sodat Hy sigbaar kan raak en ons visie op God kan herstel. Dit is wat Jesus ook eers met sy dissipels moes doen! Alhoewel hulle in Jesus geglo het en Hom gevolg het, het hulle Hom nog nie gesien vir Wie Hy werklik is nie! Dit word baie duidelik uit die vertelling van Markus!

Ons lees aan die begin van Markus 8 dat Jesus vir ŉ tweede keer duisende mense kos gegee het! Die dissipels het al soveel keer al die wonderwerke van Jesus gesien, maar tog het hulle Hom nog nie werklik gesien nie! Die Fariseërs kom redeneer met Jesus en vra ŉ wonderteken sodat hulle in Hom kan glo en Jesus weier om vir hulle ŉ teken te gee.

Jesus klim dadelik na hierdie woordestryd met die Fariseërs in ŉ boot om na die oorkant van die meer te vaar. Die dissipels het vergeet om brood saam te vat vir die reis. Terwyl hulle oorvaar na die ander kant sê Jesus vir hulle: Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes.”

Jesus was besig met ŉ geestelike gesprek maar die dissipels dink Hy is kwaad omdat hulle nie brood saamgebring het nie. Hy was besig om hulle te leer dat daar dinge is wat ŉ mens blind maak om Jesus te sien vir Wie Hy werklik is. “Suurdeeg” was in die Joodse denke ŉ metafoor vir sonde! Dit is waarom hulle met Paasfees ongesuurde brood moes eet. Die suurdeeg moes uit die brood gehaal word omdat dit die simbool is van sonde. Soos suurdeeg deur die meel dring en dit verander, so dring sonde deur ŉ mens en verander jou!

Die sonde van die Fariseërs was dat hulle bly glo het dat jy gered kan word deur die wet te onderhou en daarom kon hulle Jesus nie sien as die Een deur Wie jy verlos moet word nie! Hy is die Middelaar – die enigste een wat mense van hulle sonde kan verlos! Jesus waarsku dus sy dissipels dat hierdie sonde van die Fariseërs hulle nie langer blind vir Hom moet maak nie.

Die suurdeeg van Herodus verwys na ŉ ander groep Joodse geestelike leiers – die Herodiane - wat na die Romeinse koning Herodus se pype gedans het en geglo het dat die mag, die rykdom en die aardse plesier wat die Romeinse ryk gebring het, die ware lewe gee. Vir hulle was Jesus die een wat hierdie aardse dinge moes gee!

Die dissipels dink egter aards van Jesus en dink dat Hy oor gewone brood praat. Daarom sê Hy vir hulle in vers 17 en 18 "Waarom praat julle daaroor dat julle nie brood het nie? Begryp en verstaan julle nog nie? Is julle nog steeds so traag van begrip? 18Julle wat oë het, sien julle dan nie? Julle wat ore het, hoor julle dan nie? Hier lê die skakel na ons teksverse toe!

Die dissipels is nog geestelik blind! Hulle laat hulle visie op Jesus bepaal deur aardse dinge. Ons weet uit die Evangelies dat hulle in Jesus iemand gesien het wat gaan kom om hulle aardse lewe te verander! Dat Jesus die beheer van die Romeinse ryk gaan afgooi en dat Hy weer die koninkryk van Israel gaan herstel soos in die Ou Testament. Dit was ten diepste hulle verwag: ŉ aardse ryk van vreugde en vrede!

Daarom hierdie ongewone wonderwerk in Betsaida. Die oomblik toe hulle voet aan wal sit, bring die mense ŉ blinde man na Jesus toe sodat Jesus sy oë kan genees. Mense het geweet: Jesus kan ŉ blinde man laat sien! Hy kan wonderwerke doen! En dit is wat Jesus met hierdie man sou doen! Die Here sou sy hele lewe vir altyd verander! Hy sou weer kon sien!

Maar Jesus wou meer doen! Hy wou sy dissipels leer dat Hy alleen hulle geestelike blindheid kan genees! Dit is wat Hy ons vanmore in die tweede plek wil leer! Hy alleen kan ons laat sien!

Dat Hy hulle so na Hom kan laat kyk soos God dit bedoel het! As Verlosser van die Wêreld wat sy lewe vir hulle gaan verloor sodat hulle nie maar net 'n aardse ryk kon verkry nie, maar ŉ ewige lewe in die Koninkryk van God!

Daarom neem Jesus die blinde man weg uit die dorp en weg van die mense af! Hy wil hierdie wonderwerk natuurlik eerstens vir die arme man doen – sodat hy weer kan sien! Maar Hy wil hê sy dissipels moet ook kan "sien"! Die wonderwerk is eintlik vir hulle bedoel – en vir ons!

En daarom die oënskynlike "mislukte" wonderwerk. Jesus smeer spoeg aan die blinde man se oë en plaas sy hande op sy oë en vra dan: "Sien jy al iets?"
En die man sê: Nee Here, ek kan nog nie duidelik sien nie! Ek sien mense, iets soos bome, Ek sien hulle loop". En dan plaas Jesus weer sy hande op die man se oë en dan staan daar: Hy het alles duidelik gesien! En dit is die punt: Jesus kan jou alles duidelik laat sien! Net net jou fisiese oë nie maar ook jou geestelike oë!

Jesus wou sy dissipels leer: julle moet My duidelik sien! Julle sien My soos die man wat na die eerste wondergenesing nog nie mooi helder duidelik kon sien nie! Julle oë is oop, maar julle sien nie duidelik nie! Julle oë het nodig om genees te word sodat julle My helder en duidelik kan sien vir Wie ek regtig is!

Hierdie waarheid word duidelik uit die volgende gebeurtenis! Direk na hierdie gebeure neem Jesus sy dissipels na die gebied van Sesarea-Philippi. Dit was ŉ gebied wat bekend was vir afgodstempels en die aanbidding van ander gode. En daar vra Jesus vir sy dissipels: Wie, sê die mense is Ek? Anders gevra: Hoe sien die mense Jesus? Die dissipels gee ŉ paar antwoorde en dan vra Jesus hulle: Maar julle? Wie sê julle is Ek" Hoe sien julle my?

En dan breek die lig deur: Petrus antwoord: U is die Christus! Die Seun van die lewende God! Nou sien hulle Jesus vir Wie Hy werklik! Minstens is dit hulle opregte oortuiging! En dan antwoord Jesus: Gelukkig is julle – want dit is nie ŉ mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is!

Br en sr, God het Jesus gestuur om ons geestelike blindheid weg te neem en ons Hom te laat sien vir Wie Hy werklik is! Ons Middelaar en Verlosser! Die seun van God wat kom om mense van hulle sonde te verlos en aan hulle die ware en ewige lewe te gee. Op grond van Christus se versoeningswerk – kan ons Hom waarlik sien en in Hom glo! Die die genade aan ons : Hy neem ons sonde weg dat ons kan sien!

Ons lees in Johannes Joh 1:9–14 (wys skyfie 3)
" Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. 10 Hy wás in die wêreld—die wêreld het deur Hom tot stand gekom—en tog het die wêreld Hom nie erken nie. 11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. 12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. 13 Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore. 14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

So leer Paulus ons in 1 Kor 2 dat God dit vir ons moontlik maak om Jesus te sien deur die gawe van die Heilige Gees. Die Heilige Gees gee vir my heldersiende geestelike oë en ŉ duidelik visie op Jesus! Christus maak jou oë op deur die Heilige Gees sodat ek en jy Hom kan sien soos Hy werklik is!
Nie maar net Iemand wat die lewe vir my kom beter maak nie! Nie maar net iemand wat aardse voorspoed gee nie! Maar dié Een wat met sy lewe betaal het vir my sonde! Die een wat tussen my en God kom staan het , sy lewe gee, sodat God my vryspreek en aan my die ware lewe gee! Nou kan ek Hom sien soos Hy is.

Brs en srs, liewe kinders, wat gebeur ook met my en jou: vanweë ons eie sondige behoeftes en begeertes in ons verhouding met Jesus, sien ons Hom net as antwoord op al ons probleme. Dit kan wees dat ons Hom sien net as die Een wat my gelukkig moet maak en moet sorg dat ek ŉ lekker lewe kan lei!

Beproewinge kan maak dat ons Jesus nie meer mooi raaksien nie. Ons lees baie daarvan in die Psalms. Dink maar aan Ps 73 waar die digter erken hy het begin blind word en amper die pad byster geraak vanweë sy worstelinge.

Vanweë ons volgehoue sonde en onbekeerlikheid kan ons visie van Jesus verdof sodat ons Hom eintlik nie meer sien nie. Satan trek ŉ sluier oor ons oë sodat ons visie op Christus verdof. Hy en sy Woord word dan al hoe minder belangriker in ons lewe. Ons skuif Hom uit omdat wat Hy vra, vir ons onaanvaarbaar is.

Ons wil juis nie doen wat Hy na sy dissipels se belydenis vir hulle in Mark 8:34 sê nie: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, [35] want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.

Geliefde br en sr; kom ons vra dan vanmore weer vir mekaar: Sien jy Jesus Christus vir Wie Hy werklik is? Moet ek ek nie ook bid: Here, maak my geestelik oë weer oop sodat ek U kan sien soos U werklik is nie?

Want alleen Jesus kan jou Hom laat sien soos Hy werklik is! Om Hom reg te sien is van lewensbelang! Alleen dan kan ons die toekoms tegemoet gaan! Want dan sien ons Hom as Verlosser – dat ons kinders van God is – dat ons sonde vergeef is! Dan sien ons Hom as die Seun van God – die Koning van die wêreld in wie se hande ons lewe is! Dan vrees ons nie die lewe of die toekoms nie!

Dan sien ons Hom as Middelaar – Een wat sy lewe afgele het – soos ons ons lewe vir Hom moet aflê.

Wys skyfie 4

In Heb. 12 word ons opgeroep: ".... laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, [2]die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. [3]Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie. "

Hou jou oog gevestig op Jesus! Maak seker jy sien Hom vir Wie Hy werklik is – anders gaan jy moeg word en uitsak in die wedloop van die lewe!

Amen